# SONDAGSKOOL LES: Nagmaal 2

**Doel van les:**

- Ons doen 'n kort les om bietjie oor die Nagmaal te gesels.

**Speletjie 1: Onthou speletjie:** Gee vir elke kind 'n skoon blaai, backing board en gem/koki. Wys vir die kinders die onderstaande prentjies vir so paar sekondes. Sê vir hulle dat hulle die prentjies moet probeer onthou, want jy gaan die prentjies wegvat en dan moet hulle die prentjies probeer teken. Kyk wie het die prentjies die beste onthou.

Wys vir die kinders 'n verjaarsdagkaartjie. Vra vir die kinders wat hulle weet van verjaarsdagkaartjies. Wie kry kaartjies wanneer hulle verjaar? Hoeveel maal per jaar gaan iemand vir jou 'n verjaarsdagkaartjie gee?

**Sê:** Dis lekker wanneer iemand jou verjaarsdag onthou. Jesus het Sy dissipels gevra om Hom ook te onthou. Soos julle nou na die storie luister, luister na hoe Jesus gesê het ons Hom moet onthou. Julle moet nou mooi luister, want nadat ek die storie vertel het, gaan ons almal saam die storie probeer onthou.

## Die Nagmaal:

**Voorbereiding**: Berei voor die les begin 'n tafel voor waarby julle die les gaan doen. Maak seker jy reël voor die tyd met een van die kinders om Judas te speel. Hou die tafel eenvoudig, sonder fieterjassies. Maak seker jy het 'n skotteltjie, stukkie brood vir elke kind, asook 'n glasie met sap.

Maak seker jy hou by al die COVID protokolle soos sosiale afstand om die tafel, en saniteer jou hande, en die van die kinders om die tafel voordat julle begin.

**Lees saam in die groep Mattheus 26:17-29.**

Soos jy die verhaal van die eerste Nagmaal lees, 'act' julle die verhaal saam uit. Wees opgewonde daaroor en motiveer die kinders om saam met jou deel te neem. Op hierdie manier raak die nagmaal vir hulle persoonlik, meer as net nog 'n storie in die Bybel.

**Vrae:**
- Is dit belangrik om nagmaal te vier / te gebruik?
- Hoekom vier / gebruik ons Nagmaal?
- Hoekom drink ons wyn wanneer ons Nagmaal gebruik?
- Hoekom eet ons brood wanneer ons Nagmaal gebruik?

Vandag vier mense wat in Jesus glo nog altyd die Nagmaal. Dan onthou almal wat Hom liefhet: God het Jesus gestuur om ons sonde weg te neem.

**Aktiwiteit:** Kry vier sakkies. In elke sakkie sit jy slegs een van die volgende items. Die items is: 'n bakkie of skotteltjie, 'n kruisie, 'n broodrolletjie, 'n koppie.

(Die bakkie of skotteltjie verteenwoordig Judas was vir Jesus verraai het, die kruisie verteenwoordig dat Jesus hulle vertel het Hy gaan sterf, Jesus het die brood gebreek - die broodrolletjie verteenwoordig Jesus se liggaam en die koppie is die beker met wyn om Jesus se bloed voor te stel).

Roep vier kinders vorentoe en gee vir elkeen 'n sakkie. Verduidelik vir hulle dat elke sakkie 'n item bevat wat ons herhinner aan vandag se gedeelte uit die Bybel. Laat die kinders die items een vir een uit die sakkies haal. Vra die klassie of hulle kan dink wat die items kan beteken. Sodra julle deur al die items gewerk het, vra die klassie om nou die items te rangskik in die regte volgorde soos hulle dit in die storie gehoor het. Die kinders wat die items vashou, gaan in die volgorde staan wat die res van die kinders sê. Kom ons kyk of die klas die storie mooi kan onthou.

**Afsluiting**: Die Nagmaal help ons om te onthou wat Jesus aan die kruis vir ons gedoen het. Hy het geweet dat ons baiekeer so besig raak dat ons gou daarvan kan vergeet. Dis baie belangrik dat ons nooit vergeet nie.

Sluit af met gebed in groepe.








